# Kom ons praat Kerk:

# Ons is ‘n Familie

**Lizette Du Piesanie 28/04/2019**

Ons ervaring van familie gaan ons idee van familie beïnvloed. Dit is maklik om die konsep van familie mis te verstaan. Die volgende verduidelik wat God se idee van familie is:

**Psalm 68:6 (‘83) “'n Vader vir weeskinders en 'n beskermer van die reg van weduwees is God in sy heilige woning.”**

## 1. GOD HEG GROOT WAARDE AAN LIEFDE EN AANVAARDING

**1.1.** Die kruis het gekom om godsdiens te vervang en families te herenig.

**Matteus 22:37-40 (’83) Jesus antwoord hom: “ ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand. 38Dit is die grootste en die eerste gebod. 39En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’40In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.”**

**1 Petrus 4:8 (’83) “Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes.”**

## 2. GOD SE MANIER VAN FAMILIE IS DEUR VERHOUDING

**2.1.** Families word organies uit verhouding gelei en nie soos ‘n besigheid nie.
**2.2.** God inspireer ons om beter te wees, Hy bullie ons nie daarin om inlyn te kom nie.

**Romeine 7:7-8 (’83) “Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: “Jy mag nie begeer nie.” 8Maar deur hierdie gebod het die sonde 'n vastrapplek gekry en elke soort begeerte in my aan die gang gesit, want sonder die wet is die sonde dood.”**

**2.3.** God glo in waardes en dissiplinne, want Hy is ons Pa en Hy wil hê dat ons veilig moet wees en dat ons moet floreer.

**Hebreërs 12:7-11 (Bybel vir almal) “Julle kry swaar sodat julle kan leer, daarom moet julle aanhou glo, want dit is Gód wat julle laat swaarkry omdat julle sy kinders is. Want elke pa**

**leer vir sy kind. 8God leer vir al sy kinders so. As Hy nie vir julle so kan leer nie, dan is julle buite-egtelike kinders, julle is dan nie God se ware kinders nie. 9Ek wil nog iets sê: Ons pa's was mense op die aarde, hulle het vir ons geleer, en ons het hulle gerespekteer. Maar ons sal baie meer moet luister na die Vader in die hemel, Hy wat vir almal die lewe gee. As ons luister, dan sal ons ook lewe. 10Want ons pa's het ons vir 'n kort rukkie geleer soos hulle gedink het dit is goed. Maar ons hemelse Vader leer vir ons hier op die aarde omdat dit goed is vir ons en omdat Hy wil hê ons moet gewyd wees, ons moet heilig wees, soos Hy heilig is. 11En elke maal wanneer Hy vir ons leer, dan voel dit vir ons soos iets om oor te huil en nie soos iets om oor bly te wees nie. Maar God het vir ons so geleer en ge-oefen dat ons later sal doen wat Hy wil hê en vrede sal maak."**

## 3. AS GOD DEUR VERHOUDINGS LEWE DAN GAAN ONS OOK

**3.1.** Daar is soms konflik in kerk, want dit is 'n familie en dit gaan oor verhoudings en verhoudings kan soms morsig wees.

**3.2.** God plaas verskillende persoonlikhede saam in 'n Kerk familie en dit kan soms konflik veroorsaak.

.

## 4. DIT VAT TYD EN VASBYT OM KERK AS FAMILIE TE ERVAAR

**4.1.** Dit vat tyd omhierdie manier van kerk te verstaan.

**4.2.** Mens het nodig om mense te leerken deur uit te reik, uit te help en deel van kleingroepe te raak.

**4.3.** Dit vat tyd, werk en moeite om verhoudings te bou.

## 5. HOEKOM KRY MENSE STEEDS SEER IN DIE KERK?

**5.1.** Sommige mense het 'n weesgees en misgis dissiplinne vir verwerping.

**5.2.** Dit is maklik om seer en affrontasie te verwar. Sommige mense dink dat hulle seer gekry het by die kerk, maar eintlik het hulle aanstoot geneem.

**5.3.** Mense kry soms werklik seer in kerk want daar is leiers wat hul posisie misbruik. As jy jouself in so 'n situasie bevind moet jy iemand daarvan laat weet, kerk moet 'n veilige plek wees.

## Gesprek Gids

## Gesprekke met God

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS ‘N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Hoe het jou persoonlike ervaring van familie beïnvloed hoe jy oor kerk familie voel?
2. Voel kerk vir jou soos ‘n familie of voel dit soos ‘n organisasie? Hoekom dink jy ervaar jy kerk op daardie manier?
3. Het jy al in kerk seer gekry? Hoe het die ervaring jou siening van kerk beïnvloed?